



DAG-EN-NAGEWENING

Die winter dag-en-nagewening is verby (dit was 21 Junie) maar die winter nog nie. Ons geniet die feit dat die dae langer word en die nagte korter. Vireers bly die winter – 'n seisoen wat ons in sonnige SA assosieer met koue en die doodsheid in die natuur. So was Mei en Junie ook bietjie “doods” wat die aktiwiteite in die gemeente betref en baie van ons mense is getref met verkoue, griep en ander winterkwale.

Ook *Die Kandelaar* is getref deur die “doodsheid” van die winter. Die aktiwiteite waaroor ons kan berig, was min en so ook het bydraes van gemeentelede opgedroog – of moet ons liever sê “gevries”. Maand na maand is dit 'n gespook om stof bymekaar te maak en self te skryf om die 12 bladsye van *Die Kandelaar* vol te maak. Miskien het die koue daartoe bygedra dat die ywer hierdie maand bietjie minder was en daarom het ons besluit om *Die Kandelaar* te beperk tot 8 bladsye. Dit maak dit vir ons meer hanteerbaar.

Die semester-eksamens is nou verby en vir die leerlinge en studente (en vir die ouers) lê 'n welkome rustyd voor. Geniet die vakansie. Vir almal wat weggaan met vakansie: geniet dit en ry tog veilig.

Geniet hierdie maand se uitgawe en laat ons weet wat julle dink van 'n verkorte uitgawe van *Die Kan-*

delaar.

Daan en Jansie.

OP REIS(10) – EGIPTES

Ons reis oornag met die trein van Kaïro tot by Aswan. Die tempelkompleks van Abu Simbel is nog verder suid en dit neem 'n verdere twee ure met 'n bussie wat in 'n konvooi reis, om dit te bereik. Dit is indrukwekkend om die tempel wat deur Rameses II opgerig is, te besigtig.

Egipte se suidelike bure het van tyd tot tyd probeer om hulle mag noord uit te brei. Hierdie tempels moes as afskrikmiddel dien om die mense in die suide te ontmoedig om na die noorde op te trek. Die konstruksie van die tempelkompleks het bykans 20 jaar geduur, van 1264 vC tot 1244 vC. Kolosale figure van Rameses II wat sit, is uit klip gekap en is 20m hoog. Dit is reusagtig en gee beslis 'n gevoel van Rameses se ego. Langs sy beelde is die beelde van sy vrou (Nefertari), moeder en kinders. Hulle beelde word egter net knie-hoogte van die koning gemaak om sy verheerliking uit te beeld. Die bokant van die tempel bevat 'n fries van 22 bobbejane wat die son aanbid.


Daar word vertel dat die Egiptiese argitek die tempel so geplaas het dat die son op 22 Oktober en 22 Februarie reg van voor by die ingang ingeskyn het tot by die agterste altaar. Atum Ra, of songod, was die hoofgod en is oral vereer. Die bobbejaan is die dier wat eerste die son verwelkom en daarom word hulle ook vereer. Sommige beweer dat die twee datums onderskeidelik die koning se ver-

jaarsdag en sy troonsbestyging verteenwoordig maar daar is geen stawende bewyse daarvoor nie.

Vooruitgang het egter die tempelkompleks bedreig, aangesien die Egiptiese regering rondom 1960 beplan het om die Nyl op te dam by Aswan. Dit het 'n internasionale poging gekos om hierdie monumente te bewaar en 'n multinasionale span, onder toesig van Unesco, het van 1964 tot 1968 gewerk om die tempels te skuif. Die nuwe terrein sou 65m hoër en 200m verder van die beplande dam wees. Dit was 'n reuse taak om die tempels en beelde in blokke van tussen 20 en 30 ton op te sny en met krane te verskuif. Argeologiese ingenieursprestasie is behaal. Danksy die internasionale belangstelling in kultuurskatte word dit vir die toekomstige geslagte bewaar.

Dit is indrukwekkend om te dink aan die tyd, geld en arbeid wat dit geveer het om hierdie tempelkomplekse te bou. Vir ons is dit egter duidelik: God woon nie in tempels wat met mensehande opgerig is nie, Hy woon in ons.

Ds Gideon.



BESTAAN GOD?

Ek lees graag die SMSe in Beeld omdat 'n mens 'n goeie idee kry van hoe ons Afrikaanse mense in die samelewing dink. 'n Mens kry

REDAKTEURS: Daan en Jansie Kilian

E-pos: daankilian@gmail.com/jansie@cpro.co.za

Telefoon: (012) 667-6929

sel: Daan 083-442-1250/Jansie 073-179-3295

Taalversorging: Chris Calitz

Medewerker: Jaco Kriek

ook 'n idee van die onsinnighede wat mense kan kwytraak en selfs glo. Op die oomblik is daar 'n nogal hewige "debat" in die SMS-kolom aan die gang tussen ateïste en gelowiges (Christene). Dis verstommend om te lees wat mense mekaar kan toesnou omdat hulle glo of nie glo in God nie.

Een so een is die volgende:"..... die enigste rede waarom daar 'n God is, is omdat julle gelowiges dit geskep het," van ene Wimpie. Ek het lanklaas so 'n onsinnige opmerking gelees. Selfs bekende wetenskaplikes wat atëïste is, argumenteer nie so nie. Die argument of God bestaan of nie, is 'n baie ou debat wat seker nooit een of ander kant toe beslis sal word nie.

Ek wonder net of mense wat opmerkings maak soos Wimpie hierbo, al ooit mooi gekyk en geluister het na die skepping, na al die bestaande dinge en al die wonderere wat die wetenskap al ontdek het wat nie maaksels van mense se fantasieë is nie. Ek kan nie begryp dat sulke mense God nie kan raaksien in die skepping/natuur nie (want die Bybel wat ons meer vertel van God, lees hulle nie of verwerp dit). Wanneer jy in die majestueuse berge in die natuur kom en wonder hoe dit alles tot stand gekom het, behoort 'n nietige mens tog te besef dat daar iets magtigs daaragter sit. Wanneer jy by die fynste en kleinste blommetjie in die veld buk en die ragfyn kleure en aartjies in die blare sien, dan bring dit tog dieselfde boodskap. Ook wanneer jy hoor wat die wetenskaplikes in die buitenste ruimte ontdek en dat hemelliggame baie ligjare van mekaar af is en geordend in hulle bane beweeg, dan besef jy dat evolusionêre prosesse en die big bang-teorie dit nie alleen kan verklaar nie.

En wat van die "heelal" in die sfeer

van mikro-lewe. Francis Collins beskryf die ingewikkeldhede van DNA-strukture wat alle lewe onderhou in sy boek *Language of God*. Hy was die leier van die span wetenskaplikes wat DNA-strukture bestudeer het en uiteindelik die strukture van die menslike genoom volledig beskryf en gekarteer het. Hy het met sy studies begin as ateïs, naderhand die bestaan van God erken en eindelijk tot bekering gekom en 'n Christen geword. Hy sê dat dit nie gaan om evolusie óf geloof, die Bybel óf die wetenskap nie, maar om albei. Albei is geldig, maar moet in hul aard verstaan en bedink word. Ek vat die kwessie in my eie mening so saam: die Bybel getuig dat God bestaan en die Skepper is en dat Hy met die mens in verhouding wil tree. Die wetenskap ontdek al meer en meer die wonderere van die skepping en die ingewikkeldhede van lewe en laat ons almeer begryp (sover dit vir 'n mens moontlik is) van die wonderbare God Wie ons aanbid.

lewers in sy boek sê Collins dat die wetenskaplikes op goeie gronde aanvaar dat daar 'n big bang was ten opsigte van die skepping, maar nou worstel met die probleem: wat was voor die big bang? Die wetenskaplikes moet erken dat hulle nie weet nie. Collins haal die volgende aan wat die bekende astrofisikus, Robert Jastrow, geskryf het (in sy boek *God and the astronomers*): "At this moment it seems as though science will never be able to raise the curtain on the mystery of creation. For the scientist who has lived by his faith in the power of reason, the story ends like a bad dream. He has scaled the mountain of ignorance; he is about to conquer the highest peak; as he pulls himself over the final rock, he is greeted by a band of theologians who have been sitting there for centuries."

Bekyk en beluister dus die skep-

ping in al sy skoonheid en grootsheid en hoor/sien (op die regte manier) sodat jy God beter kan leer ken en met Hom in 'n verhouding kan tree.

Daan Kilian

KONINKRYKSTYD

Wat is Koninkrykstyding?

Die tydperk ná Pinkster (middel-Junie) tot en met Advent (einde November) staan algemeen in die kerkjaar bekend as Koninkrykstyding. Daar is geen besondere feeste (soos byvoorbeeld Advent, Kersfees, Lydenstyding, Paasfees en Pinkster) gedurende hierdie tyd op die kerklike kalender nie.

Wanneer vier ons Koninkrykstyding?

Koninkrykstyding begin wanneer die Pinksterseisoen afgesluit word met Triniteitsondag. Dit eindig met die Sondag van Christus die Koning, net voor die Adventseisoen en dus die volgende kerkjaar.

In die suidelike halfrond val Koninkrykstyding in die herfs en veral in die winter waartydens ons die groen van die natuur sien verdwyn. Ons beleef dus in Suider-Afrika, anders as in die noordelike halfrond, in hierdie seisoen van die kerkjaar die tekens van afsterwe en doodsheid. Reeds in Paastyding en Pinkster word ons egter uitgedaag om die krag van die opstanding te midde van hierdie sigbare tekens van doodsheid te verkondig, te bely en uit te leef.

Wat vier ons in Koninkrykstyding?

Soos die naam van hierdie seisoen aandui, gaan dit daaroor dat die heerskappy van die drie-enige God (Skepper, Verlosser en Trooster) gevestig word in elke fase van die lewe. Ons word herinner aan die roeping om die gawes wat ons tydens die feeste ontvang het, in die lewe van elke dag uit te leef. Christus se heilswerk, soos dit in die voorafgaande seisoene stuk vir stuk gevier is, het implikasies vir ons betrokkenheid by die materiële, geestelike en emosionele nood in die wêreld.

Koninkrykstyding herinner ons telkens

aan die eenheid en interaksie tussen wat ons bely en hoe ons lewe, tussen die teks en ons konteks, tussen kerk en wêreld, tussen woord en daad.

Simbole, gebruike en rituele in Koninkrykstyding

Die sentrale simbool van hierdie tyd is dié van die kerk as 'n bootjie met 'n kruis op. Dit simboliseer die kerk as draer van die kruis in die wêreld.



Hierdie tydperk bied aan die Christelike geloofsgemeenskap groter ruimte en vryheid as die primêre Christelike feeste om die kalenders van die kerk en die sekulêre wêreld met mekaar te integreer en te versoen.

Die teksgedeeltes van Koninkrykstyding hou verband met die tema dat Jesus die Here van alle here, die Koning van alle konings is. Die Protestantse kerke vier in hierdie tyd ook die geboorte van die Hervorming, toe Luther sy stellings vasgespyker het teen Wittenberg se kerkdeure.

Die vraag waarmee Christene hulle in Koninkrykstyding besig hou, is: Wie moet ek liefhê? Met hierdie vraag ontdek ons hoe ons Christus se liefde, wat ons in die eerste deel van die kerkjaar gevier het, kan uitleef. Daarom is die hart ten diepste 'n Christelike simbool.

Kleure in Koninkrykstyding

Verskillende skakerings van groen dui in Koninkrykstyding op lewe, groei en vooruitgang.

(Oorgeneem vanaf die webwerf van NG Gemeente Lindenpark)

BARMHARTIGHEIDSDIENS

Die geskiedenis van die barmhartigheidsdiens van die NG kerk is eintlik die verhaal van hoe 'n kerk

reageer wanneer daar groot nood in die land is en mense gely het as gevolg van rampe, oorloë en siekte-epidemies. Vroeg in die twintigste eeu was daar die Anglo-Boere-oorlog waartydens die land gestroop is en duisende vroue en kinders gesterf het in die konsentrasiekampe. In 1914 het Brittanje tot die Eerste Wêreldoorlog toegetree. Die parlement van die Unie van Suid-Afrika het aangebied om die Britse garnisoen in die Unie oor te neem. Daar word besluit om die hawens en radiostasies van Duits-Wes-Afrika te beset. Afrikaners was verdeeld hieroor en daar was baie emosionele, politieke en geloofsbesware. Om te verwag dat die land só kort na die Anglo-Boere-oorlog saam met Brittanje teen Duitsland veg, was net te veel vir baie mense en die kerk het weer voor 'n krisis te staan gekom. Die Rebelle was gou oor, maar daar was erge verdeeldheid by die lidmate en die kerk moes hard werk om lidmate van verskillende politieke en emosionele oortuigings te bedien en aan hulle leiding te verskaf.

Gou na die Rebelle beëindig is, is die land in 1918 getref deur die griep-epidemie waartydens duisende mense gesterf het en baie kinders wees gelaat is. In 1933 volg die depressie en 'n tyd van droogte wat baie van ons mense nog kan onthou en selfs beleef het. Armoede het 'n reuse vraagstuk geword en die kerk het baie gedoen om armoede op te hef, maar die aksies was losstaande en nie georganiseer op 'n breë front nie. Aanvanklik is die barmhartigheidsdiens slegs deur diakonieë op gemeentevlak onderneem, maar later ook deur die verskillende sinodes. Omvangryke dienste is onderneem, soos die skool vir Blindes in Worcester (1881) en arbeidskolonies, soos by Kakamas vanaf 1898. Verskeie weeshuise vir oologswesies, soos

Langlaagte (na 1902) en ander soos dié in Ladybrand, Brandfort, Winburg en Bethlehem word ook na die Anglo-Boere-oorlog opgerig. Na die griep-epidemie ontstaan die Ugie-weeshuis en die Piet-Retiefweeshuis.

In 1915 het die Kaapse Sinode besluit om 'n sinodale kommissie vir die "inwendige sending" te benoem en die opdrag was om 'n organiserende sekretaris en personeel aan te wys, die werksaamhede te orden en nuwe behoeftes te identifiseer. Ons kan dus sê dat 1915 nie die begin van die NG Kerk se barmhartigheidsdiens was nie, maar wel van sinodaal-georganiseerde dienste.

Gou hierna het die sinodes van Transvaal (1919), Vrystaat (1922) en Natal (1939) die inisiatief van die Kaapse kerk gevolg. Na 1933 het die verskillende kommissies in een liggaam, naamlik die Federale Armesorgraad byeengekom en dit was nou moontlik om met die staat te onderhandel oor die landwye behoeftes. Sedert die totstandkoming van die Algemene Sinode in 1962 is hierdie liggaam as die Algemene Kommissie vir die Diens van Barmhartigheid (AKDB) bekend.

Die grootste taak van die Federale Armesorgraad was om die gemeenskap, en veral die Afrikaners, van veragtering en agteruitgang te red as gevolg van die verarming wat ontstaan het na die krisis wat die land getref het.

Verskeie kongresse is gehou tussen 1893 en 1923, maar nadat die eerste Carnegie-verslag bevind het dat die aantal armes gegroei het van 80 000 tot 300 000 tussen 1926 en 1930, het die Federale Armesorgraad gevoel dat die probleem slegs opgelos sou kon word as die staat, die kerk en die private sektor op 'n wetenskaplike wyse saamwerk. Die Armesorgraad was van oortuiging dat 'n volkskongres

daarvoor nodig sou wees. Uiteindelik is die Volskongres in Kimberley gehou van 3-5 Oktober 1934 waar die Armbankevraagstuk in al sy fasette bespreek is. Dit is gevolg deur 'n kerkkongres op 6-7 Oktober van dieselfde jaar.

Die kongres was bepalend vir die totstandkoming van 'n Departement van Volkswelsyn en die verdere uitbouing van universiteitsopleiding vir gespesialiseerde geesteswetenskaplikes soos maatskaplike werkers. Die NG Kerk se eie opleidingsentrum, die Hugenote Kollege op Wellington, het tot stand gekom en 'n baie belangrike rol gespeel in die opleiding van Christelike maatskaplike werkers.

'n Samewerkingsooreenkoms het ook tussen die staat, die kerke en private welsynsorganisasie tot stand gekom. Dit het beteken dat die staat finansiële ondersteuning aan 'n kerk of private welsynsorganisasie sou gee vir die oprigting van inrigtings soos kindershuise en tehuse vir bejaardes. Subsidies is ook beskikbaar gestel vir die bedryfsuitgawes van maatskaplike werkers en ander personeel.

Hierdie gesamentlike strategie was baie suksesvol en die groeiende verarming onder Afrikaners is gestuit. Die Tweede Wêreldoorlog, 'n dekade daarna, het nie so 'n groot impak op die Afrikaner gehad nie.

Die kerk het daadwerklik opgetree en Christelike Maatskaplike Rade (CMR) is oral in ringe en gemeentes tot stand gebring. Hierdie rade het begin om opgeleide maatskaplike werkers aan te stel wat oor 'n breë front op wetenskaplike wyse dienste kon lewer om die maatskaplike probleme wat met armoede gepaard gaan, byvoorbeeld kinderverwaarlosing, die verbrokkeling van die gesinstrukture en alkoholmisbruik te bekamp. Daar is ook gekonsentreer op werkverskaffingsprogramme en opheffingsprogramme.

Daar het intussen baie water in die see geloop. Maar ons land beleef steeds 'n krisis. Daar is nog steeds oorweldigende armoede en ellende en baie mense leef onder die broodlyn in ons land. Genadiglik bestaan die Christelike Maatskaplike Rade nog en word daar op baie terreine mense in nood bygestaan.


Volgens die Kerkorde van die NG Kerk moet die Kerk met priesterlike bewoëndheid omsien na die armes en ander sorgbehoewendes deur hulle te help, te troos en geestelik op te hef (art 54). Dit het egter in die tweede helfte van die vorige eeu gebeur dat daar hoofsaaklik op blanke Afrikaners en veral lidmate van die NG Kerk gefokus is. Met die verskyning van die publikasie *Kerk en Samelewing* (1990) is die standpunt egter ingeneem dat die kerk alle mense in nood behoort te bedien, ongeag ras of kultuurverband en ongeag of hy/sy lidmaat van die kerk is. Vandag is die Maatskaplike Rade ten volle geïntegreer en bedien hulle alle persone wat hulp nodig het. So leef die kerk haar roeping in die wêreld uit.

Die diensorganisasies fokus op die volgende programme:

- Die beskerming van kinders en die bevordering van gesonde gesinne.
- Die beskerming van ouer persone. Die beskerming van gestremde persone.
- Die rehabilitasie van persone met alkohol- en ander dwelmslawings.
- Die bestryding van MIV en die versorging en ondersteuning van persone wat deur MIV en Vigs geïnfekteer en geïmpak word.
- Die bekamping van armoede.

Maar ons moet onself afvra: wat van ons roeping as gelowiges?

Kan ons daarmee tevrede wees dat spesifieke organisasies al die verantwoordelikheid op hulle moet neem om al die probleme wat ons hierbo bespreek het, op te los?



Beslis nie! Elkeen van ons het 'n verantwoordelikheid om betrokke te raak by die gemeenskap en te help waar ons kan. Op ons voorstoep is daar die CMR Lyttelton, Rusoord Ouetehuis en Huis Gideon Kinderhuis. Ons kan maklik betrokke raak by enige van hierdie groepe, maar ook by enige ander nood van mense om ons missionale geroepenheid en verantwoordelikheid as Christene uit te leef.

Jansie

Bronne: *NG Kerk: 300 jaar*

SENDINGNUUS

(Ingestuur deur Betsie de Wet)

VGK IN SUIDER-AFRIKA – EVANGELISASIE

ALLEGAARTJIE: Dit gaan rof hier! “Ma, is daar groot asb seunsklere en bietjie kos?” en dan: “Ma, ek het 'n arm gesin onder my vlerk geneem, die kinders is honger!” “Ouma, daar is kinders wat honger ly by die skool en het ouma groot asb vir my Tswana Bybels?” Ons kon ook 6 mammas 'n bietjie bederf met lekkerruik goedjies wat ontvang is. “Mma Cox, dankie vir die Tsonga Bybels maar ons soek nog!” en David Khosa van Lilydale wag geduldig vir die koms van hul nuwe tent.

En die wonderlikste van alles is: Die Vader het weer eens, sonder dat ons vra, in alles voorsien. Vanaf die suide van Johannesburg tot in die verre noorde (Tshilidzini) naby Thohoyandou het ons By-

bels, pamflette, boekies vir die kinders, lekkergoed, klere en komberse uitgedeel.

Die blou bakkie vat die pad Tshilidzini toe en Margaret Magidi skakel kort-kort om te hoor of ons nog veilig is. Daar is groot blydskap, daar is genoeg komberse om ook vir Beauty en evangelis Korombi te gee wat kniediep in die bediening saam met haar daar staan. En te midde van al die vlamme op **Vuwani** staan die kerkie wat ek en wyle ds Koos daar gebou het, nog in al sy glorie en gaan die werk rustig aan.

Die tentspan te Pylkop (Thabazimbi omgewing) het komberse gekry en Samuel Rambau was baie bly vir die pakke klere wat hy ontvang het want syne was al gehawend. Ons het ook vir Esau 'n piksplinternuwe pak gekry (ons moet dit net gaan haal) en selfs Thembi het ietsie ontvang. Woorde kan nie ons dankbaarheid beskryf teenoor almal, oud en jonk wat iets maak, skenk of inbetaal nie.

Tydens ons besoek by Pylkop het 'n versoek gekom van ouderling Abraham: "Asb, mma Cox, ons sukkel al lank om 'n kerk in hierdie arm gemeenskap op te rig. Die mense loop, want ons het nie 'n gebou wanneer die tent weer weggaan nie." Ons belowe niks, maar met u hulp gaan ons kyk hoe kan ons hulle help.

'n Vrugbare ontmoeting is met mnr André Hattingh (Rooihuiskraal) gehou en hy en sy uitreikgroep gaan David (Lilydale) en die gemeentes daar bystaan (en ook elders) in die toekoms met onderrig en skoling. Baie dankie!

Niks gaan verlore by Evangelisasie nie! Hoedjies vir ou beste se Malawiese gemeente, serpies en kniekomersies vir die ouetehuis, kindertruitjies en alles het 'n lyfie gekry. Ek en ds Anton Mieny (Luipaardsvlei) ruil tot selfs goed uit.

Ek is ook maar net 'n mens, liggelowig en bang in hierdie tyd van swaarkry en geweld dat Bybels onbekostigbaar duur gaan word, die inkomste gaan daal, dat daar nie komberse gaan inkom nie. Dan lui die telefoon en ek moet

hardloop. "Marinda, ons betaal in en ons reël vir komberse", en ek moet weer eens my kop in skaamte teenoor ons Hemelse Vader laat sak en vra: "Vader, vergewe my asb!" Ek glo Hy verstaan.

DIE ONAFHANKLIKE KERKE IN AFRIKA:

Hoekom ontstaan en groei hulle? Die sending en veral die sendelinge self het in die verlede die skuld vir die ontstaan en groei van die Onafhanklike Kerke gekry. Hulle is van rassisme en onkunde ten opsigte van die taal, denkwyse en kultuur van ons medelandgenote beskuldig. Hulle sou ook verknog wees aan die strukture van die kerke waarvan hulle self lede was. Dit sou dan daartoe gelei het dat Afrika sy rug op die historiese kerke gedraai het. So sou die evangelie in die Onafhanklike Kerke waarde en betekenis vir homself kry.

Hierdie standpunt is eensydig en kan nie as afdoende verklaring vir dié verskynsel aanvaar word nie. 'n Groot persentasie sendelinge het hulle taak immers in opregtheid en liefde verrig. As hulle nie daarin geslaag het om die evangelie in Afrika te laat wortelskiet nie, sou daar boonop ook nie 'n basis vir die Onafhanklike Kerke gewees het om op te bou nie. Die skuld wat wel aan die historiese kerke gegee word, moet ook deels voor die deur van hulle anderskleurige leraars gelê word, omdat hulle ook nie kon slaag waar die sendelinge misluk het nie. (Vervolg)

Ons Tswana spreekwoord: Ge o utlwa ping e nnyennyane e re ping e utwile tse dikgolo.

Betekenis: As 'n kind sê ping ('n vloekwoord), weet dan hy het dit (die ping) by grootmense gehoor.

Groete met *ligte* hart! Marinda Cox en Personeel

[In die April-uitgawe van VGK se Evangelisasienuus het Marinda, soos deur baie mense al versoek, persoonlike nuus geplaas.]

Soos belowe:

Ons staan voor die NG Kerk se deur in Elsburg. "Engelsman, met jou gaan ek trou!" Toe was ek maar dertien en my ou beste 17. Net na matriek in 1969 op die jong ouderdom van 17 sleep ek hom nader en toe is hy al darem 21.

My ouers gooi wal, maar aan ons is daar nie keer nie en ons haak die knoop deur op 4 Julie 1970. (Aan moord dink ek baie maar aan skei: Nooit!)

Uit ons huwelik is twee kinders gebore: Richard nou 44, en Belinda 43 en ons verloor ook 'n babba. Ons het drie kleindogters: Kristin 19, (toekomstige onderwyseres), Fransie 12, ons rooikop kind en dan is daar Keara, 7, wat met hierdie ouma en oupa toor! (As die seëls en die adresstempel partykeer skeef is, vergewe maar die klein handjies wat ouma so getrou daarmee help).

In 1980 verhuis ons vanaf die Oos-Rand na Hartbeespoortdam en ek huil twee jaar van my lewe om. Ver van my familie en vir die eerste keer in my lewe weg van my ma! Maar toe kom wyle ds Beukes in my lewe in Mei 1982. Tydens 'n werksonderhoud sê ek vir hom ek stel glad nie belang in die pos nie. (Ou beste het die afspraak gemaak). Ds antwoord: "Mev, ek het gebid oor die saak en die Here het dit baie duidelik aan my gestel dat die dame wat hier instap, die pos gaan vul." "Ds, net tot my kinders klaar is met skool." Dit word later totdat hulle trou, nog later totdat ek ouma word en die heel laaste: Tot ons twee baklei, of die skip sink of die dood intree. En soos u almal weet, het die dood ons paadjies ge-

skei. Vandag bekleek ek sy pos met diepe dankbaarheid teenoor hom en my Skepper.

In 2006 breek ou beste sy nek en daar word aanbeveel dat ons moet skei, want hy is 'n tetrapleeg (kan net sy kop beweeg). Maar niemand het rekening gehou met sy geloof en deursettingsvermoë nie. Na die ongeluk loop hy uit die reabilitasiesentrum gestremd, maar op sy eie twee voete en sonder enige hulp.

Toe slaan die groot K toe in 2010: Dit is aggressief, maar die dr hoopvol. Weer misgis ons ons met die Engelsman. "Vrou, die Here is met ons – moenie bekommerd wees nie." Die operasie was 'n groot sukses. Ja, daar is skade, maar hy leef vandag voluit en is 'n voorbeeld van 'n onwrikbare geloof in die Vader en vir ons almal.

Bron: Evangelisasienuus – Mei 2016; **Adres:** Posbus 531, Ifafi, 0260; **Tel/Se:** 0122590152/0825741340; **Bankbesonderhede:** ABSA, Rekeningnr 0690 750 252, Kodenr: 632005

DIE EENHEID VAN GELOWIGES KOM UIT DIE HART

In die Nuwe Testament is 'n belangrike aksent die totstandkoming van nuwe, diverse gemeenskappe van Jerusalem tot Rome.

In 'n wêreld gekenmerk deur duidelike grense tussen verskillende kultuurgroepe het die Christene intensioneel daarna gestreef om so inklusief as moontlik te wees. Volgens Kol. 3:11-14 was daar volgens hulle nie meer 'n onderskeid tussen Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar en selfs Skittiër (inwoners van die Suide van Rusland), slaaf en vry persoon nie.

Die rede onderliggend aan die ophef van alle etniese, religieuse, kulturele en ekonomiese grense was dat Christus geen onderskeid van enige aard tussen mense maak nie.

Die ophef van grense het egter nie beteken dat Christene 'n enkele

enerse kultuur, taal of identiteit ontwikkel het nie. Net soos die ophef van die onderskeid tussen man en vrou in Gal. 3:28 nie meegebring het dat daar voortaan net een geslag was nie, het Christene nie afstand gedoen van hulle diverse identiteite nie.

Pinkster het immers nie gelowiges van hul unieke identiteit gestroop nie maar dit eerder bevestig (Hand. 2:1-13). Net so min as wat eenheid enersheid beteken, mag verskeidenheid nie tot verdeeldheid aanleiding gee nie.

Elke gelowige se eie kultuur moes eerder ondergeskik gestel word aan die opdrag om die evangelie te verkondig aan almal. So het Paulus vir die Jode soos 'n Jood benader en die heidene soos 'n heiden (1 Kor. 9:20-21). Om dit te doen, is nie maklik nie. Ook nie om hulle in een gemeenskap te verenig nie. Dié dat baie gelowiges die nastreef van die nuwe verenigde gemeenskap van God as 'n onbereikbare ideal beskou.

Die Nuwe Testament self gee egter praktiese riglyne vir hoe Christene dit kan verwesenlik. Prakties moet gelowiges hulleself bekleek met innige meelewing, goedheid, nederigheid, sagmoedigheid, geduld, liefde en 'n bereidwilligheid om mekaar te vergewe (Kol.3:12-14).

Die eenheid tussen gelowiges word verder nie deur reëls en regulasies bepaal nie maar deur die navolging van die nederige, sagmoedige en geduldige voorbeeld van Christus. Innige meelewing dui op die opregte en hartlike besorgdheid oor ander en hul lewe. Goedheid is die ingesteldheid om aan ander net dit wat goed is te betoon.

In 'n gepolariseerde wêreld moet Christene daarom nie net vir elkeen 'n plek in die son gun nie. Hulle moet vir mekaar ruimte maak in hul hart.

Dr Marius Nel, *Kerkbode* 3 Junie 2016.

GELD VIR JOU SONDE...

"Goeie daade maak nie van jou 'n goeie mens nie, maar 'n goeie mens doen goeie daade!"

Hierdie stelling van Luther is een van vele wat hom direk in stryd met die kerk gebring het. Hy het dit veral teen die verkoop van aflaatbriewe gehad. Op 24 Februarie 1517 het Luther die aflaatstelsel in 'n preek veroordeel. Volgens hom het die stelsel mense aangeemoedig om sonde te doen en hulle daarvan weerhou om God regtig as 'n genadige Verlosser te leer ken.

Die aflaatstelsel was gebaseer op goeie werke wat uit vrees en pligsbesef gedoen is. Volgens die leerstellinge van die Middeleeuse Katolieke kerk het Christus, Maria en die heiliges sonder sonde geleef en gesterf. Hulle het ook 'n groot aantal goeie werke gedoen wat in die hemel bewaar is.

Omdat gewone mense aan die einde van hulle lewe meer sonde as goeie werke gehad het, moes hulle 'n boete daarvoor betaal. Hierdie betaling is gemaak deur 'n bepaalde tyd in die vagevuur deur te bring. Wanneer die tyd verstryk het, is 'n sondaar tot die hemel toegelaat.

Familie en vriende kon ook aflaatbriewe koop om 'n persoon se tyd in die vagevuur korter te maak. Lidmate kon ook terwyl hulle nog geleef het, self aflaatbriewe koop wat dan van die goeie daade wat in die hemel bewaar word, ná hulle lewe as krediet oorgedra sou word.

Luther het dié stelsel nie net in die prediking aangeval nie. Volgens tradisie het hy op 31 Oktober 1517 sy standpunt in 95 stellings teen die kerk deur van Wittenberg vasgespyker. Twee sake het hom ge-

motiveer: Eerstens het Tetzal, 'n Dominikaanse monnik, aflaatbriewe in die omgewing van Wittenberg begin verkoop. Sy bemarkingstrategie het bestaan uit 'n reuse vuur wat op die dorpsplein gemaak is. Inwoners van die dorp is dan vertel dat 'n soortgelyke vuur, net veel warmer, op almal wag indien hulle nie aflaatbriewe sou koop nie.

Besigheid het gewoonlik goed verloop en die kerk het enorme bedrae geld uit die vrees van mense ingesamel. Daar is vas geglo dat wanneer "n geldstuk in die geldkis val, 'n siel uit die vagevuur sou spring!" Die geld is vir die bou van die Basilika in Rome ingesamel waar die "bene van Petrus, Paulus en ander heiliges" in haglike omstandighede bewaar is.

Tweedens was Luther bekommerd oor die pastorale gevolge wat die verkoop van die briewe inhou.

Na Luther se ontmoeting met die genadige God van Romeine 1 kon hierdie bedrog nie langer voortgaan nie. Met sy 95 stellings sou hy sy lewe op die spel plaas om dit stop te sit.

Prof Johan van der Merwe, *Kerkbode* 3 Junie 2016.

DIE HUWELIK (EF 5:21-32)

Hierdie gedeelte in die Nuwe Testament (N.T.) word redelik algemeen misbruik om aan te toon dat die N.T. te kenne gee dat die vrou in die huwelik aan die man "onderdanig" moet wees. En dan interpreteer mense "onderdanig" op enige manier wat hulle pas, soms dat dit omtrent neerkom op slavin wees. Hierdie misbruik kom voor omdat daar nie erns gemaak word met die konteks waarin vs. 22 voorkom nie, en ook nie met die konteks van die hele N.T. nie. Wat die konteks van die N.T. betref: teenoor die heersende opvatting in die samelewing van destyds waarin die vrou wetlik geen posisie gehad het nie en nie eers 'n regs-

persoon was nie, het die N.T. die menswaardigheid en posisie van die vrou beklemtoon en is vrouens selfs as leiers in die kerk aangewys. Dit was 'n totaal onbekende en onaanvaarbare optrede deur die kerk in die samelewing van destyds. Daarom is dit vir my moedswillig en totaal onaanvaarbaar om die N.T. in te span om die onderdanigheid van die vrou aan die man af te dwing asof dit 'n kenmerk van 'n gelowige vrou moet wees om aan haar man onderdanig te wees.

Wat die konteks van vs. 22 betref: aan die begin van die perikoop staan vs. 21 wat die betekenis van die hele perikoop bepaal en ook hoe 'n mens die gedeelte moet verstaan en interpreteer. Die vs. bepaal tog dat die hoof van die huwelik (van 'n christelike huwelik natuurlik) Christus is en dat man en vrou in hul onderdanigheid aan Christus en na Sy voorbeeld hul verhouding teenoor mekaar moet inrig. Dwarsdeur die N.T. gaan dit tog daarom dat godsdiens gaan om verhoudings: eerstens en bowenal om die verhouding met God in Christus en voortvloeiend daaruit oor die verhoudings met ander mense. En onder hierdie "ander mense" is die verhouding met jou man/vrou 'n baie besondere een wat die verhouding tussen Christus en sy gemeente as voorbeeld moet neem en wat ook die verhouding tussen Christus en sy gemeente moet weerspieël. Daarom kan 'n mens nie los verse soos vs. 22 maar net op sy eie neem en daarvoor dwingende afleidings maak nie.

Nog 'n implikasie van die regte interpretasie van Efes. 5:21 – 32 is dan tog dat man en vrou elkeen ook *verantwoordelikhede* het om na te kom. En dit beteken tog verder ook dat man en vrou nie moet probeer om elkeen sy/haar heerskappy na te jaag nie maar dat elkeen sy/haar verantwoordelikhede moet najaag en nakom. Dan is dit baie meer moontlik vir die vrou om aan haar man "onderdanig" te wees en vir die man om sy vrou lief te hê "soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het"(vs.25).

Daan Kilian

BYBELS VIR DIE EERSTE KEER

Byna 6 miljoen mense in die wêreld het verlede jaar vir die eerste keer in hul eie taal toegang tot die volledige Bybel verkry. Elf tale het vir die eerste keer 'n volledige Bybel ontvang. Dit sluit oa in Kim, 'n taal wat in Tsjaad gepraat word en Sidama in Ethiopië. Radesprekendes in Viëtnam kan nou ook die volledige Bybel in hulle taal lees en die Bybel in Kreools Seselwa vir sommige inwoners van die Seychelles is nou ook beskikbaar. Ses tale het vir die eerste keer 'n Nuwe Testament ontvang en 11 tale 'n Bybelgedeelte.


Die volledige Bybel is nou beskikbaar in 563 tale, die NT in 1334 tale en 'n verdere 1038 tale beskikbaar oor ten minste een Bybelboek.

Van die wêreld se sowat 6887 tale beskik 3952 tale, wat deur 497 miljoen mense gepraat word, oor geen deel van die Bybel in hulle eie taal nie.

Tale verander voortdurend en daarom is dit nodig om bestaande vertalings te hersien of nuwe vertalings voor te berei. In 2015 is 3 nuwe vertalings en 4 hersienings van bestaande Bybels voltooi.

Bybelgenootskappe is tans by meer as 400 vertalingsprojekte regoor die wêreld betrokke. In SA word daar aan twee nuwe vertalings, in Afrikaans en isiZulu gewerk, asook aan 'n Engelse vertaling vir dowes (in Braille).

Uit: *Die Saaier*, Winter 2016.



LIEF EN LEED

Soos elke maand, vra ons ook hierdie maand u getroue voorbidding vir die volgende mense wat met hul gesondheid of ander probleme sukkel:-

Dan Pienaar wie se voet geamputeer is.

Sarie Nel wat baie verswak is en dalk Rusoord toe moet gaan.

Marna Steyn wat rugprobleme het en ook behandeling moes kry vir longinfeksie.

Lettie van Niekerk (96) van Protea wat geval het en oorgeplaas moes word na die sorgsentrum.

Hannetjie Kritzinger wie se kleinseun, Jade, weer in die hospitaal beland het.

Anton Bekker wat weer chemoterapie ontvang.

Morgan Smit wat in 'n motorongeluk was en steeds nog sukkel met sy gesondheid.

Sus Boshoff wat 'n knieervanging ondergaan het.

Catharina van Wyk wat in en uit die hospitaal was met aritmie.

Klaas van Rensburg wat goeie nuus ontvang het, naamlik dat sy kaakprobleme nie kwaadaardig is nie. Klaas het intussen oor sy hond geval en moes weer gehospitaliseer word as gevolg van beserings aan die been/heup.

Klaas se broerskind, Koos en sy vrou, wat albei erge gesondheidsprobleme het en tans by Klaas-hulle tuis is vir verdere behandeling.

Riekie Cilliers wat nog toetse moet ondergaan om vas te stel wat die oorsaak van haar probleme is.

Oom Fanie Nel wat in die hospitaal is agv longontsteking en in 'n kritieke toestand is.

Paul Kirsten wie se moeder kritiek is.

Betsie du Toit van Monumentsig woonstelle wat baie verswak is en in Rusoord opgeneem is. Bid ook vir haar seun wat 'n groot breinoperasie ondergaan het

as gevolg van 'n gewas.

Jack Scheepers, eggenoot van Annatjie, wat weer in die hospitaal opgeneem is en wie se toestand baie swak is.

Ds Gideon wie se voet/been in 'n "moon boot" is wat hy vir 3 maande moet dra sodat sy hakskeensening kan genees.

Miems Malan wat vir 'n breuk geopereer is.

Annette Voges wie se galblaas verwyder is.

Daar kan darem ook oor lief berig word, naamlik die versoening tussen Francois Labuschagne en Nadine Short met hul stiefpa;

en oom Fanie Nel wat op 26 Junie 90 geword het.

Ons loof die Here vir hierdie twee mooi gebeurtenisse.

Finesse Bookkeeping

- Full monthly bookkeeping services up to Trail Balance, including customers & suppliers.
- Submitting of VAT returns (VAT201)
- Monthly payroll services
- Submitting of PAYE,SDL & UIF returns (EMP201)
- Monthly declaration to UIF & bargaining council
- EMP501 Reconciliations and Submissions
- Submitting of individual Income Tax Returns

Contact Cornel Vorster at 082 859 6679

ZERO BOOMSLOPINGS

BOOMSLOPINGS EN SNOEI

VAN BOME EN STRUIKE.

ONS VERSKAF OOK

KAGGELHOUT



KONTAK ERNST

083 656 4992

www.treecarepta.co.za

www.boomsloping.co.za

